

ENKELE RIGLYNE VIR 'N PREEK UIT DEUTERONOMIUM 10 - 11

P R du Toit¹

'n Rukkie na die versoek om hierdie artikel te skryf, ontvang ek 'n brief van Afrikaans Stereo waarin ek meegedeel word dat die erediens wat op Sondag 21 Mei 1995 gehou word, op 11 Junie uitgesaai sal word. Die sameloop van omstandighede laat my besluit dat dit miskien vir die leser goed sal wees om die pad saam met my te loop vanaf die keuse van die teks tot by die buitelyne vir die diens, eerder as om 'n geliefde en vir die prediker bekende gedeelte te kies.

KEUSE VAN 'N TEKSGEDEELTE

In 'n begeleidende skrywe versoek ds. Francois Theron, Bestuurder Godsdienstprogramme - Afrikaans Stereo, dat daar dwarsdeur die jaar die volgende opskrif in gedagte gehou moet word met die uitsendings, naamlik: LEEF UIT GOD SE VERSOENING EN WERK SAAM VIR VERANDERING. Een van die doelwitte wat gestel word, is "om mense onder leiding van God se Woord doelgerigte gesante te maak en 'n geestelike 'ruggraat'/onderbou te bied wat vorming bewerk om in die samelewing te kan lewe en verandering te kan bewerk sodat hulle sekuriteit kan bied/ervaar." Verder word bepaalde Bybelboeke vir die betrokke maande voorgestel, met vir Juniemaand die boeke Eksodus en Deuteronomium (Hoe leef die volk in 'n nuwe wêreld).

In die gesindheid van samewerking met hierdie versoek, word meer spesifiek opgelees uit die gemelde twee Bybelboeke. Dit skyn asof die gedeelte vanaf hoofstuk 10 die prediker bepaaldelik aanstaan en word daar, met die voordeel van 'n universiteitsbiblioteek net om die hoek, nader gefokus op hierdie gedeelte.

1 Dr. P.R. (Flip) du Toit, Ned Geref Kerk Universiteitsoord, (Pretoria), Posbus 11100 Brooklyn, Pretoria 0011.

MAKROSTRUKTUUR

In die geheel van Deuteronomium word die groot onderskeid gelê tussen hoofstukke 1 - 11 (twee onderafdelings) en 12 - 34 (drie onderafdelings). By hoofstuk 12 begin dus 'n nuwe deel van die boek Deuteronomium.

Hoewel daar verskil van mening is oor presies waar die tweede onderafdeling (die gedeelte wat by 11: 32 eindig) se afsluiting begin, is die meerderheid dit eens dat dit met 10: 12 'n aanvang neem (Kramer, Achenbach, vgl. ook Mayes in Christensen, 212).

DL Christensen se struktuur-uiteensetting bied 'n opsomming van die gedeelte: (sien in Lohfink, 1985, 143)

EN NOU, O ISRAEL, WAT VRA JOU GOD VAN JOU?

(10: 12 - 11: 25)

- 10: 12 - 15 a - Vrees YHWH en hou sy gebooie want Hy het jou gekies.
- 10: 16 - 19 b - Besny julle harte en bemin die vreemdelinge.
- 10: 20 - 11: 1 c - Vrees YHWH en onderhou sy gebooie want Hy het jou gesëen.
- 11: 2 - 7 d - Kyk terug: Jou oë het gesien wat YHWH gedoen het.
- 11: 8 - 9 e - Hou al die gebooie dat jy die land mag besit en daarin woon
- 11: 10 - 12 d' - Kyk vorentoe: YHWH se oë is op die land gerig om dit te sën
- 11: 13 - 15 c' - Indien jy My gebooie gehoorsaam, sal Ek jou in die land sën.
- 11: 16 - 21 b' - Moenie ander gode dien nie en hou My woorde in gedagte sodat jy in die land kan bly.
- 11: 22 - 25 a' - Indien jy hierdie gebooie noukeurig nakom sal YHWH nasies verdryf en jou die hele land gee.

Beide die sentrale en omringende grense van hierdie struktuur ver-

sterk die sentrale boodskap van die boek Deuteronomium, naamlik dat die voortgesette seën in die land afhanklik is van gehoorsaamheid aan Jahwe se gebooië. (Trouens die sentrale deel van die sog. "Inner Frame" (h. 4 - 11) is 7: 12 - 8: 20 - Wanneer jy gehoorsaam, sal jy geseën wees, wanneer jy ongehoorsaam is, sal jy vernietig word.)

Die appèl van die keuse word weer beklemtoon in die laaste verse van hoofstuk 11. ADH Mayes (in Christensen, 213) beweer dat die res van hoofstuk 11 'n sinvolle afsluiting bied van die voorafgaande hoofstukke sowel as 'n gepaste inleiding to dié deel wat met Hoofstuk 12 begin.

TEKSONTLEDING

Met Deut. 10:12 - 13 wat dan as uitgangspunt gekies word vir die behandeling van die deel wat oor die eerste gebod handel, word noukeurig op die woorde gelet.

Dit is duidelik dat die liefde tot YHWH die duidelikste in die hele Ou Testament voorkom in Deuteronomium en hierin is 10:12 een van die mees prominente tekse (Achenbach, 92). Daarby is 10:12 as 't ware 'n bewuste parafrasering van dit wat gesê is uit die voorafgaande gedeeltes...."und es lassen sich für jede der hier wie sonst nirgends in dieser Fülle auftretenden Wendungen in den vorhergehenden Kapiteln Bezugspunkte finden" (Achenbach, 93). Hierdie vers met sy pleroforiese ry van infinitiewe is die langste van sy soort in die hele Deuteronomium. Die inleiding אִם = + Inf. (met voorvoegsel) kom verder net twee keer in hele Ou Testament voor (Am. 8: 11 en Mi. 6: 8).

Weinfeld beweer dat die volgende frases uit Deuteronomium baie gereeld voorkom en dus nie vreemd is in Deut. 10: 12 nie:

יהוה את ידוה - om die Here te dien.

יהוה - om die Here te vrees ("in the sense of serving").

יהוה את ידוה - om die Here lief te hê

בכל דרכו - om in al Sy weë te wandel.

בכל לב ובכל נפש - met die hele hart en die hele siel ("in a covenantal context").

Dieselfde geld die uitdrukkings in Deutr. 10: 13

מצות וחוקה - wette en verordeninge

הצוה אֲנִי מְצַוְךָ הַיּוֹם - wat Ek jou hierdie dag beveel
 לָטוֹב לָךְ - sodat dit met jou goed mag gaan.

Saam met Zobel (1992: 70) kan gekonkludeer word dat "Liebe zu und Furcht vor Jahwe stehen hier für das eigentliche Motiv des menschen, Jahwes Gebote zu befolgen." (p. 70) Trouens die liefde tot Jahwe is 'n "Leitwort" in Deuteronomium. Hierdie liefde as opdrag geld uitsluitlik vir Jahwe. "Damit dokumentiert sich die Nähe zum ersten Gebot, denn die ungeteilte menschliche Hingabe gilt dem einen unteilbaren Jahwe. Die Innigkeit dieser Zuwendung wird gern mit der Wendung 'mit ganzem Herzen und 'mit ganzer Seele' verdeutlicht." (Zobel, 1992: 75)

Krämer verklaar dat Israel se vrees van God uitgewerk word in die getroue wandel voor Hom en is as sodanig niks anders as godsdiens in geloof en daad nie. Dit moet diens uit innerlike van die hart wees - uit vrees en liefde - en 'n diens met 'n ongedeelde hart - van ganser hart en siel en die sin hiervan bestaan vernaamlik uit die gehoorsaamheid aan God se gebooie. Waarom uit 'n ongedeelde hart? Omdat, alhoewel God al die volke van die wêreld sy eie noem, Hy uitsluitlik aan Israel sy liefde bewys en hulle tot diens opgeroep het (Krämer, 1955: 328).

Die woorde "En nou Israel wat verwag die Here van jou?" dui aan dat die woorde liturgiese proklamasie adem. Hier is dit die Here se daad wat die verhouding inisieer en by Israel die liefdevolle reaksie ontlok (Clifford, 1982: 65 vv)

KERN VAN DIE PREEK

Vanuit Deut. 10: 12 - 13 kan die vraag gevra word wie die God is wat gedien (liefgehê) moet word en op die besondere wyse waarop Hy gedien moet word. Dan kan dit goed gaan.

Hierdie vrae word ook baie duidelik beantwoord in die res van die gedeelte (vgl. 10: 14 - 11: 32). Hoewel Christensen se struktuur wel bepaalde verheldering bied oor sekere gedeeltes, veral wanneer dit gekontrasteer word, sou ek die skema so inklee:

Wie is die God wat gedien word? (10:14 - 11: 7)

Historiese openbaring van God se vrymag en almag.

Hy ontsien ook nie die nederige nie.

Op welke wyse moet God gedien word?

Dien, vrees, liefhê ens.

Met hart en siel: Inskering daarvan (vgl. 11: 18 - 21)

Resultaat van diens aan God:

Woon in land.

Here sal hulle seën:

NADER UITGEWERK

Inleiding:

Dat dit met jou goed kan gaan (1933 vertaling); tot jou voordeel wees (1983 vertaling). Watter mens in die lewe soek nie daarvoor dat dit goed gaan of dat iets tot sy voordeel is nie. Veral in tye van omwenteling, verandering is die soeke nog soveel inniger, dieper. Sleutel tot die goedgaan is: Dien die Here. Alle voortgesette seën is afhanklik daarvan.

TEMA: LIEFDE TOT GOD IS DIE SLEUTEL TOT VOORSPOED

Die eerste gebod belangrik, want dit dui 'n bepaalde houding aan. Hier word veral op die eerste gebod gefokus. Die diens aan God behoort sterk beklemtoon te word. Moses word nie moeg om volk op die primêre eis van die verbond te wys nie.

Van die selfstandige mens wat graag sy eie inhoud wil gee aan alles verg dit ontsettend baie om hier te moet buig voor Iemand anders. Vir Israel is dit moeilik (vgl. voorgaande geskiedenis van goue kalf) Vir moderne mens wat net voor homself wil buig, nog soveel moeiliker.

Altwee kante van verbond word gestel: Seën en Vloek.

WIE IS HIERDIE GOD WAT GEDIEN MOET WORD?

Tipies in styl van verbond word slegs dit gesê wat op feite gebaseer is.

Die God wat volk eerste liefgehad het.

Gaan oor twee dele: Belofte en Eis.

Moet jou nie op iets waaroor jyself beskik, jou verhef nie. Sien God raak. (10: 14 - 22).

God die vrymagtige: God is nie verplig om Israel lief te hê nie God het hulle immers verkies.

Die Here:

- Wat wees en weduwee versorg. Ook die vreemdeling (hulle wat so onwelkom kan voel in 'n land).
- wat onomwonde gekies het vir 'n "onogelijk" begin, met die 70 slawe wat in Egipte aangekom het (vers 22). Hy verwag dus navolging (Schuman, 47).

God die Almagtige: Hy het hulle in woestyn beskerm.

Heerser oor see en aarde (Abiram)

Daarom ook so afhanklik van Hom: Kwesbaar in die nuwe land.

Moet leer om agter die alleen ware God aan te loop.

Hierdie God het hom ook in geskiedenis baie duidelik geopenbaar:
In Christus, na Pinkster en in die geskiedenis van ons land.

OP WELKE WYSE MOET GOD GEDIEN WORD?

Met volle oorgawe

Vyf opdragte:

- 1 Vrees die Here: Vrees kan dus ook vertaal word met eer. Praktiese voorbeelde van hoe ek dit vandag doen.
- 2 Wandel in al sy weë: moet voortdurend daarbinne beweeg want daar het ek ware vryheid.
- 3 Die Here liefhê: Ook dit moet blyk uit 'n innige verhouding.
- 4 Hom moet dien:
- 5 Die gebooie van die Here te onderhou: moet dit ken om te kan uitvoer. Gee paar praktiese voorbeelde.

Aanbidding van God en die lewe loop hand aan hand.

Wyse waarop hierdie diens moet geskied:

Dien met hart en siel: Verbondstaal
Hierdie hart moet besny word (16), dan word dit oop en ontvanklik vir
Woord. ... vreemdeling.

DIE RESULTAAT VAN HIERDIE DIENS

Neem land in besit en bly daarin. 11: 8 - 9

Here sal land seën.

Here sal hele land gee (11: 22 - 25)

Onthou ook wat kan gebeur as julle nie dien nie: Die vloek wat julle tref
(11: 17, 28).

BIBLIOGRAFIE

ACHENBACH R

1991. Israel zwischen Verheissung und Gebot - Literarkritische Untersuchungen zu Deuteronomium 5 - 11 (Europäische Hochschulschriften, Reihe XXIII, Band 422), Frankfurt am Main, Bern, New York, Paris.

BRAULINK G

1988. Studien zur Theologie des Deuteronomiums (Stuttgarter Biblische Aufsatzbände 2), Stuttgart.

BUCHHOLZ J

1988. Die ältesten Israels im Deuteronomium (Göttinger Theologische Arbeiten, Band 36), Göttingen.

CHRISTENSEN DL

1993. A Song of Power and the Power of Song. Essays on the Book of Deuteronomy (Sources for Biblical and Theological Study, Vol 3), Indiana.

CLIFFORD R

1982. Deuteronomy. With an Excursus on Covenant and Law (Old Testament Message, Vol. 4), Wilmington, Delaware.

KRÄMER KF

1955. Numeri und Deuteronomium (Herders Bibelkommentar, Band II/1), Freiburg.

LOHFINK N

1985. Das Deuteronomium. Entstehung, Gestalt und Botschaft (Bibliotheca Ephemeridum Theologicarum Lovaniensium LXVIII), Leuven, 1985.

LOHFINK N

1990. Studien zum Deuteronomium und zur deuteronomistischen Literatur I (Stuttgarter Biblische Aufsatzbände 8), Stuttgart.

McCONVILLE JG

1984. Law and Theology in Deuteronomy (Journal for the Study of the Old Testament, Supplement Series 33), Sheffield.

PERLITT L

Deuteronomium-Studien (Forschungen zum Alten Testament), Tübingen.

PHILLIPS A

1973. Deuteronomy (The Cambridge Bible Commentary), Cambridge.

SCHUMAN NA

1983. Deuteronomium - Op weg naar het Land Utopia (Verklaring van een Bijbelgedeelte), Kampen.

SKWERES DE

1979. Die Rückverweise im Buch Deuteronomium (Analecta Biblica, 79), Rome.

THOMPSON JA

1974. Deuteronomy (Tyndale Old Testament Commentaries), London.

VONK C

1966. Numeri, Deuteronomium (De Voorzeide Leer, Deel 1c), Barendrecht.

WEINFELD M

1972. Deuteronomy and the Deuteronomic School, Oxford.

ZOBEL K

1992. Prophetie und Deuteronomium (Beihefte zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft), Berlin, New York.